
# Brokkies Nuus—ORA
## Februarie 2015

**BAIE DANKIE aan elke ouer wat al jou kind se toestemmingsbriefie teruggestuur het en jou R100 betaal het! As jy nog nie het, doen dit asb in die nuwe kwartaal. H.E.Y! is 'n nie-winsgewinde organisasie en het jou as ouer se hulp nodig om die Evangelie met kinders te deel, op 'n prettige en leersame manier!**

"Be a light in the dark world, for Jesus!"
HEY!
HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

Die **Gr PreR en R Verkleurmannetjie** is 'n warboel van kleure, en dit het ons geleer deur hangertjies te maak met elke kleur. Gesels oor ons groot God wat alles geskep het en nou in die Hemel woon. Saam het ons geleer van al die konings in die Bybelsetyd en krone gemaak, want, ons is mos Koningskinders!





***Gr 1— Eendag as ek groot is ……. wil ek 'n boer, 'n seevaarder of 'n sterrekundige wees! Saam het ons geleer dat God net ons beste wil hê, dat ons gehoorsaam moet bly, AL IS EK DIE ENIGSTE EEN, en dat ons in God se beloftes moet bly glo, al sien ons niks gebeur of waar word om ons nie!***




WEL? Wat dink JY? Wie IS Jesus??

Jesus het verskillendes hoede gedra sodat ons Hom en Sy karakter kan ken: Babamussie—Hy het mos aarde toe gekom. Afrigterspet—want Hy rig ons af vir die lewe. 'n Bril–omdat hy "in zoom" in ons harte. 'n Superhero masker, want Hy het ons mos gered. En laastens 'n kroon– Hy is ons Koning en daarom is ons ook Koningskinders!

**As jy as ouer graag wil betrokke raak by hierdie bediening, hetsy tyd, vaardighede of finansieel, kontak ons gerus.**

### *Graad 3—Hoop vir Kinders*

Ons het die EVANGELIEPAD en die Bybel in 'n neutedop gemomoriseer.
Vra gerus jou Gr3 om dit vir jou te wys en te vertel!!!
"Jesus is God. Hy het van die Hemel af aarde toe gekom, Hy het volmaak gelewe. Hy het aan die kruis geterf om vir ons sondes te betaal, Hy het opgestaan uit die dood en opgevaar Hemel toe. Hy sit nou aan die regter hand van God en gee vir ons die gratis geskernk van die Ewige lewe!










**Dankie vir jou gebede en onder-steuning ! Seengroete, Juanita Lee 072 637 4882**